# BESLUITE VAN DIE GESKIEDENIS-VAKKONFERENSIES GEHOU TE BLOEMFONTEIN, BETHLEHEM EN WELKOM, JUNIE TOT AUGUSTUS 1964

In medewerking met die O.V.S.O.V. en met die steun van die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* het die Departement Geskiedenis van die U.O.V.S. drie afsonderlike vakkonferensies vir Geskiedenis-onderwysers aan die Vrystaatse Hoërskole te Bloemfontein van 5 tot 6 Junie, te Bethlehem van 15 tot 15 August en te Welkom van 28 tot 29 Augustus 1964 belê.

Die konferensies is onderskeidelik deur 56, 20 en 26 onderwysers, d.w.s. altesaam 102, bygewoon. Die konferensie te Bloemfontein is ook deur 22 U.O.D.-studente in die Metodiek van Geskiedenisonderrig bygewoon, terwyl mnre. J. C. Steenkamp en D. J. Coetzee, Inspekteurs van Onderwys, die volle konferensie te Bethlehem bygewoon het. Te Bloemfontein is die konferensie deur mnr. W. J. Coetzee, Inspekteur van Onderwys, geopen en gedeeltelik bygewoon. Die Konferensie te Welkom is deur mnr. S. G. Pretorius, Inspekteur van Onderwys, geopen en gedeeltelik bygewoon. Die Bethlehem-konferensie is ook deur die voorsitter van die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika*, dr. J. J. van Tonder, Inspekteur van Skole in Transvaal, bygewoon. 'n Opvallende verskynsel was ook die groot aantal skoolhoofde wat as waarnemers die konferensies bygewoon het. Op al drie die konferensies was die besprekings besonder geesdriftig en openhartig. Al die besluite wat hieronder volg, is slegs deur Geskiedenis-onderwysers geneem. Die volgende referate is gedurende die konferensies gelewer:

(a) *Pleidooie vir die opskerping en vernuwing van onderrigmetodes t.o.v. Geskiedenis aan die Vrystaatse Hoërskole.* (Ingelei deur prof. dr. J. J. Oberholster, U.O.V.S. en mnr. J. J. Bester, Hoërskool Excelsior).

(b) *Die Werkstuk-gedagte — 'n Sukses of Mislukking?* (Ingelei deur dr. M. C. E. van Schoor, U.O.V.S.).

(c) *Die probleem van Evaluering en Eksaminering by Geskiedenisonderrig.* (Ingelei deur mnr. A. P. J. van Rensburg, voorheen van Voortrekker Hoërskool, Bethlehem en tans van die U.O.V.S.).

(d) *Middele en Weë om Geskiedenis as skoolvak in ere te herstel.* (Ingelei deur mnr. K. J. Pienaar, Grey-Kollege, Bloemfontein).

Samevattend lui die besluite van die drie verskillende konferensies soos volg:

(a) *Aanbevelings m.b.t. die Werkstuk-gedagte*

1. Die konferensies, met slegs twee teenstemme te Welkom en een teenstem te Bethlehem, het hulle oorweldigend vir die *behoud* van die werkstuk as deel van die leerplan vir die Skooleindeksamen in die O.V.S. uitgespreek, en aanbeveel dat

   (i) Hierdie wens van die konferensies moet vóór 15 September 1964

aan die Departement van Onderwys oorgedra word, en

(ii) 'n pertinente afvaardiging (desnoods die Bloemfonteinse voortsettingskomitee van Geskiedenis-onderwysers en prof. dr. J. J. Oberholster) moet die Departement van Onderwys oor hierdie aangeleentheid ontmoet.

Die konferensies bepleit dat meer punte aan die werkstuk toegestaan word omdat die moeite, sorg, arbeid en studie daaraan verbonde meer as die huidige 60 uit 300 punte werd is. Die Departement van Onderwys word versoek om die toekenning van hoër punte vir die werkstuk ernstig te oorweeg.

3. Die volgende voorbehoude i.v.m. die werkstuk word bepleit:

(i) Die onderwerpe waaruit leerlinge kan kies moet *ondubbelsinnig en duideliker omskryf* word. Die vaagheid waarmee sekere onderwerpe omskryf is, het leerlinge al in ernstige verleentheid gedompel.

(ii) 'n Wyer keuse van onderwerpe moet gestel word wat nie net die moontlikheid van plaaslike geskiedenis insluit nie, maar ook die probleem van moeilik-bekombare bronne enigsins verlig.

(iii) Voorgeskrewe onderwerpe moet met bekombare bronne rekening hou.

4. Die konferensies te Bloemfontein en Bethlehem het versoek dat oorweging geskenk moet word aan die interne nasien van werkstukke, wat deur steekproewe deur ge-outoriseerde persone gekontroleer kan word.

5. Ander besluite oor die werkstukke is betrek by die besluite oor die voorgestelde basiese leerplan van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad.

(b) *Aanbevelinge m.b.t. die leerplan en eksaminering*

1. Die voorgestelde basiese leerplan vir Geskiedenis van die Matrikulasieraad soos ge-amendeer deur Department van Geskiedenis van die U.O.V.S. in medewerking met Geskiedenis-onderwysers in Bloemfontein word sterk aanbeveel.

2. Die leerplan moet egter sterk klem op die Vaderlandse Geskiedenis lê — dit moet as uitgangspunt vir die Buitelandse Geskiedenis dien. In die laer-, middel- en sowel as die hoërskool moet Vaderlandse Geskiedenis aangewakker word. Daar is tans 'n onrusbarende agterstelling van Vaderlandse Geskiedenis..

3. Die huidige leerplan sowel as die voorgestelde leerplan in 1. hierbo genoem, bly nog te lank en die moontlikheid is uitgespreek om 'n deel van die leerplan vir st. IX en X na dié van st. VII en VIII oor te

dra, bv. die tema oor Kolonisasie en Uitbreiding van Suid-Afrika wat vir st. VIII redelik verteerbaar is.

4. Dit is dringend noodsaaklik dat die leerplanne vir Geskiedenis in die laer- en middelskole hersien word sodat die aanpas by die leerplan vir die hoërskool. 'n Beter en oorsigtelike skakeling tussen die leerplanne vir die laer-, middel- en hoërskool is gebiedend noodsaaklik ten einde groter eenheid en minder oorvleueling te verseker. Die benoeming van 'n permanente leerplanne-kommissie om hierdie aangeleentheid en verwante probleme in voortdurende oënskou te neem, word sterk aanbeveel.

5. Die konferensies spreek hulle baie sterk uit vir die gedagte om helfte van die voorgeskrewe werk in die leerplant vervat aan die einde van st. IX afgeskryf word en die punte behaal by die finale eksamen in st. X in berekening gebring word.

6. By die voorgestelde basiese leerplan in 1. hierbo genoem, moet minstens een werkstuk ingesluit word by st. IX en st. X. Hierdie werkstukke moet op een van die voorgeskrewe temas betrekking hê, waarop dan geen skriftelike eksamen aan die einde van st. IX en weer aan die einde van st. X gedoen word nie. (Die voorgestelde basiese leerplan in 1. hoerbo genoem, maak voorsiening vir werkstuk en skriftelike eksamen, of slegs skriftelike eksamen vir st. IX en weer vir st. X, maar die konferensies het hulle sterk vir die behoud van die werkstuk in st. IX sowel as st. X t.o.v. die voorgestelde basiese leerplan uitgespreek.)

7. Die konferensies bepleit interne eksaminering as 'n metode wat die probleme en bedenkinge van die huidige eksaminering van Geskiedenis kan uitskakel. Net soos met die B-taal en die praktikum by Natuur- en Skeikunde, Biologie, Huishoudkunde, ens., kan Departementele kontrole gehandhaaf word.

8. Die riglyne van die memorandum t.o.v. die skriftelike eindeksamen, indien nie die memorandum self nie, moet aan onderwysers beskikbaar gestel word ten einde as leidraad by evaluering te dien.

9. Die Departement van Onderwys word dringend versoek om moderatore vir die Geskiedenis-vraestel uit eie Vrystaatse geledere, wat volkome op hoogte met die leerplan is, aan te stel.

10. Die Departement van Onderwys word versoek dat solank die huidige stelsel van eksaminering, wat egter hersiening verg, voortbestaan daar van Departemensweë toegesien sal word dat vrae by die skriftelike eindeksamen met groot oorleg en sorg bewoord sal word. Eweneens moet die vertaling uit die oorspronklike versigtig gehanteer word.

11. Dat die leerplan wat uiteindelik aanvaar word van 'n omvattende handleiding vergesel gaan, waaraan ook eksaminatore en moderatore hulle streng moet hou.

(c) *Algemene aanbevelinge*

Dat die Departement van Onderwys daadwerklike ondersteuning sal gee vir die beter opleiding van Geskiedenisonderwysers en wel op die volgende wyse:

(i) Aanmoediging en beter fasiliteite vir nagraadse studie.

(ii) Vakansie-kursusse deur die Departement van Onderwys gereël in medewerking met die Departement van Geskiedenis van die U.O.V.S.

(iii) Gereelde verpligte vakkonferensies in die verskillende streke van die Vrystaat om die jongste ontwikkeling in die vak, sowel as die metodiek van die vak in oënskou te neem.

Dat die Departement van Onderwys gedeeltelik die balans behou tussen hulpmiddele aan tegniese- en natuurwetenskaplike vakke voorsien teenoor dié vir die geesteswetenskappe, o.m. deur

(i) Die voorsiening van bepaalde klaskamers vir Geskiedenis wat ooreenkomstig die behoeftes van die vak toegerus kan word.

(ii) Effektiewe kaarte om die verskillende tydperke in die Geskiedenis te illustreer, moet met groter doeltreffendheid aan alle skole voorsien word.

(iii) Beter toelae moet jaarliks voorsien word ten einde bronne en naslaanwerke aan te koop wat veral die taak i.v.m. die werkstuk vir leerling en onderwyser sal vergemaklik. Die huidige stelsel van Biblioteektoelaes en -aankope blyk lank nie toereikend te wees nie. Boonop is daar skoolhoofde wat die aankoop van Geskiedeniswerke nie goedgesind is nie of dit as oorbodig beskou. Daar moet dus vir bepaalde vaste toelaes vir 'n Geskiedenis-naslaanbiblioteek voorsiening gemaak word.

3. Die moontlikheid van Geskiedenis as verpligte skoolvak moet besin word.

4. Dat vinniger gewerk word aan die ideaal van 'n gemeenskaplike leerplan in die verskillende provinsies om die probleme i.v.m. leerplanne, gemeenskaplike handboeke ens., op te los.

5. Dat die wenslikheid oorweeg word dat die Departement die uitgee van 'n kleurryker en omvattender handboek subsidieer, en dat die Departe-

ment minstens 'n Engelse vertaling van die handboek sal subsidieer. In Engels- en parallelmediumskole is 'n Engelse vertaling van die handboek 'n ernstige behoefte. Uitgewers is egter nie bereid om die koste aan so 'n beperkte oplaag verbonde, alleen te dra nie.

6. Daar is ernstige bedenkinge uitgespreek oor die gesag wat „die gemiddeldes" van elke vak na afloop van die eksamen dra, en die foutiewe oordele en afleidinge wat daarvan gemaak word.

7. Ook word die Departement van Onderwys versoek om die afskaffing van die publikasie van eksamen-uitslae te oorweg.

Ten slotte moet vermeld word dat alle Geskiedenis-vakonderwysers in die Vrystaat per omsendbrief van die vakkonferensies in kennis gestel is en na vasstelling van die datums vir die onderskeie konferensies weer eens daarna uitgenooi is. Na afloop van die konferensies is daar ook vir elke streek 'n voortsettingskomitee gekies om te help met die uitvoering van die besluite van die konferensies en verdere vakkonferensies in die toekoms te reël. Hierdie komitees sal ook koördinerend optree tussen belanghebbende liggame.